



RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za

kontak@volksraad.co.za

Tel: 012 803 0712

Nommer 14

Woensdag 27 Desember 2017

VERKLARING

Cyril Ramaphosa

Nou, nadat die stof van byna 'n week van ANC-manewales gaan lê het en so baie mense effens oor hul opgewondenheid oor die Ramaphosa-verskynsel gekom het, is dit dalk belangrik om te kyk wat die nuwe ridder op die wit perd vir die Afrikaner as volk kan en heel moontlik gaan beteken.

Op 28 Augustus 2014 het die Volksraad 'n regeringsafvaardiging onder leiding van die einste Ramaphosa in die Uniegebou ontmoet om ons volk se eis om selfbeskikking aan die Regering te stel en 'n proses van verdere onderhandeling in die verband voor te stel.

Trou aan sy diplomatieke aard het Ramaphosa as waarnemende president van die RSA, aandagtig na die Volksraad se voorlegging geluister en toe nie op hom laat wag om sekere ondernemings te maak nie:

1. Hy het voorsien dat die saak deur 'n hele aantal opvolggesprekke en onderhandelingsgeleenthede besleg sal moet word en dat die ontmoetingskediule bepaal sal word ingevolge die ooreengekome werkswyse.
2. Hy het dit nodig geag dat die Volksraad ook in gesprek tree met die ANC as meerderheidsparty in die parlement om dié party se steun vir tersaaklike wetgewing wat deur die Grondwet vereis word, te verkry. Hy het dan ook onderneem om 'n gesprek vir die doel aan te lê tussen die Volksraad en die party se Sekretaris-generaal, Gwede Mantashe.

Mnr. Ramaphosa het beide hierdie ondernemings as waarnemende president van die land in die teenwoordigheid van sy minister van Justisie, mnr. Masuta, asook 'n hele paneel

amptenare en regsverteenvoerders gemaak. Nodeloos om te sê het hy nie een van die ondernemings gestand gedoen nie en die gesprek is deur die regering eensydig opgeskort.

Dit is die tipe optrede wat Afrikaners van hierdie nuwe ridder op sy wit perd kan verwag in die tye wat kom. Hy is 'n geslepe onderhandelaar wat reeds sedert jare gelede gewys het dat hy met halwe waarhede en goed verdoeselde lê beloftes sy teëparty om die bos lei en wreed ontnugter laat wanneer dit te laat is.

Soos iemand tereg opgemerk het, of jy nou deur Satan of Lucifer regeer word, jy bly 'n onderdaan van die duiwel!

Kom ons laat vaar dus as volk hierdie valse hoop en verwagtings wat deur die sogenaamde kenners aan ons opgedring word en stry onverpoos in die nuwe jaar die stryd om vryheid.

Terwyl ons pas weer met Kersfees in nederigheid langs die krip in Betlehem gekniel het, laat ons opnuut vasgryp aan die ware en onveranderlike beloftes van ons redder, Jesus. Hy wat as Koning kind geword het om sy volk te red en te lei!

Seënwense vir elkeen van u en voorspoed vir 2018.

Volksraadgroete.

J.C. THERON
Volksraadslid

Mosselbaai, 24 Desember 2017

VOLKSRAADSKENNISGEWING

Mnr Paul Kruger

Die Volksraad betuig sy innige meelewing met mnr. Paul Kruger en sy gesin. Mnr. Kruger is enkele maande gelede met beenmurgkanker gediagnoseer en was weens gesondheidsredes genoodsaak om die tuig as voorsitter van die VVK neer te lê. Die Volksraad dra hom en sy

gesin aan ons Hemelse Vader op en versoek volksgenote om voorbidding vir hom te doen.

Mnr. Christo Snyman is sedertdien as Voorsitter van die VVK verkies.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 27 Desember 2017

VOLKSRAADSKENNISGEWING

Die Volksraad se memorandum aan die internasionale gemeenskap getitel *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention — Memorandum by the Volksraad to the international community* deur Paul Kruger is steeds by die sekretaresse, mev. Chantal Kruger, tel: 012 803 0712 of 079 740 7214, verkrygbaar. Prys: R250,00 plus posgeld.

Die Volksraad beveel sterk aan dat alle volksgenote dié boek bekom en u op hoogte stel met die feite oor die volgende sake soos daarin geboekstaaf:

- die Boere-Afrikanervolk se stryd om vryheid sedert sy ontstaan;
- die Blanke regering se astronomiese besteding vir die opheffing en welsyn van die swart volke in Suid-Afrika;
- die verraderlike en onwettige wyse waarop ons land en volk aan die ANC uitverkoop is; en
- die Volksraad se optrede ter verkryging van selfbeskikking vir die Boere-Afrikanervolk (met volledige dokumentasie as aanhangsels).

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 27 Desember 2017

Die Vaste Fondament

Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Ps. 50:14-15
